

Die Bybel openbaar dat "dan sal hulle die Seun van die mens op die wolke sien kom met groot krag en heerlijkheid. En dan sal Hy sy engele uitstuur, en Hy sal sy uitverkorenes... versamel, van die einde van die aarde af..." (Markus 13:26, 27) Die ore van die uitverkorenes wag vir die klank van die "die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word:..." (1 Korinthiërs 15:52) Inderdaad, Christus het voorspel van 'n "harde trompetgeluid..." (Matthéüs 24:31) Die Bybelse rekord bevat geen geheime wegraping nie, geen gefluisterde stem nie, en geen gedempte basuin nie. Maar vertel eerder van Christus se koms as 'n waarneembare, hoorbare duidelike openbaring van krag. Binnekort sal "Onse God kom en kan nie swyg nie..." (Psalm 50:3) Is jy gereed?

16

'n Soortgelyke gedeelte, in 2 Petrus 3:10, kontras die tyd, "die dag van die Here", wat soos 'n dief is, met 'n duidelike waarneembare manier van verskyning. "Maar die dag van die Here sal kom soos 'n dief in die nag, waarin die hemele met gedruis sal verbygaan en die elemente sal brand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand." Daar kan niks te geheimsinnig wees aan 'n gebeurtenis wat kom met 'n gedruis nie.

Die gevaarlikste aspek van die geheime wegraping leerstelling is miskien die konsep dat indien jy nie reg is die eerste keer nie sal daar altyd 'n tweede kans wees. Dit is 'n gevaarlike konsep om te leer dat die mensdom sewe jaar sal hê

12

Een van die gunsteling onderwerpe van baie wat in ons land agter die kansel staan, is die van die geheime wegraping. Soos een van hulle opgesom het, "Dit is die leerstelling dat Jesus se wederkoms in twee fases sal plaasvind. Eerstens, Hy sal saggies en in die geheim kom en die Christene weg vat of "wegraap" uit die wêreld uit hemel toe. Dan sal Hy later terug kom met 'n openbare verskyning en begin om op die aarde te heers vir 'n duisend jaar... Daar is baie verskillende variasies van die besonderhede. Sommiges leer dat daar sewe jaar van benoudheid is tussen die geheime koms en die openbare koms; ander leer weer dat daar net drie en 'n halwe jaar sal wees - maar amper almal leer dat daar 'n benoudheid van een of ander aard sal wees."

1

vir die tweede maal sonder sonde verskyn aan die wat Hom verwag tot saligheid." Volgens die populêre leerstelling verskyn Jesus aan die wat Hom verwag, maar Hy is onsigbaar aan die wat Hom nie verwag nie. Hierdie teks sê dit egter nie! Inteendeel, die beskrywing van hierdie gebeurtenis soos gevind in Openbaring 1:7 sê, "elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteeke het;..." wat die feit herhaal dat beide die regverdige en bese Christus se koms sal sien. Ironies genoeg gebruik baie mense wat die geheime wegraping leer ook 1 Thessalonicense 4:16, 17. 'n Mens hoef egter nie diep ondersoek in te stel om te sien dat hierdie verse die teenoorgestelde leer nie.

5

Maar op die dag toe Lot van Sodom uitgaan, het vuur en swawel van die hemel af gereën en almal vernietig. Net so sal dit wees in die dag wanneer die Seun van die mens geopenbaar word." Lukas 17:26-30

In beide van hierdie Bybelse voorbeelde was diegene wat die waarskuwings geïgnoreer het, vernietig; daar was geen tweede kans nie. In die laaste hoofstuk van Openbaring, sien ons die sluiting van die genade-deur uitgebeeld, wanneer elke persoon reeds daardie onherroeplike besluit geneem het, wat verewig sy lot beseël het. Dit word verklaar, "Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is, laat hom nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die heilige nog heiliger word. En kyk, Ek kom gou,

14

God se vereistes is deurentyd dieselfde. Die beginsels van Sy regering soos aangebied in die wet en die profete en die evangelie is dieselfde. Want alles kom van Hom af, "by wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie." (Jakobus 1:17)

Kom ons gaan aan en kyk na 'n ander teks wat gewild is in geheime wegraping sirkels. Openbaring 16:15, "Kyk, Ek kom soos 'n dief. Salig is hy wat waak en sy klere bewaar, sodat hy nie miskien naak rondloop en hulle sy skaamte sien nie." Baie wegraping mense dink dat dit beteken dat Jesus saggies in die geheim sal kom net soos 'n dief sy werk bedryf. Om dié teks die beste te verstaan moet ons toelaat dat die Bybel homself verduidelik.

10

Die geheime wegraping mense gebruik dié verse om te leer dat met die wegraping sal die Christene verdwyn van waar hulle ook al is of waarmee hulle ook al besig is. Indien hulle besig is om 'n voertuig te bestuur wanneer die wegraping plaasvind, dan sal die bestuurderlose voertuig in 'n boom bots. Wanneer die verse egter in die konteks van die hele hoofstuk gelees word, is dit duidelik dat dit geensins praat van 'n geheime koms nie maar wel dat Christus se koms openlik en sigbaar aan almal sal wees. Byvoorbeeld, Matthéüs 24:27 sê dat Sy koms so sigbaar sal wees soos weerlig en vers 30 sê, "dan sal al die stamme van die aarde... die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlijkheid."

3

Een van die basiese aannames van die geheime wegraping is dat God met verskillende mense op verskillende tye op verskillende maniere werk. Hierdie periodes word "dispensasies" of "bedelings" genoem en is gewoonlik sewe in getal. Die wegraping se rol in dispensasionalisme word soos volg verduidelik: God het 'n sekere plan gehad vir die Joodse dispensasie, maar sienende dat die Jode nie die Messias aanvaar het nie, het God dit onderbreek met die Christen dispensasie. Maar God verander nooit Sy woord nie, so die tyd sal kom wanneer Hy sal terugkeer na die Joodse dispensasie. Om dit te doen sal Hy die Christene, sonder waarskuwing, saggies uit die wêreld uit neem. Dan sal die Joodse dispensasie weer van krag wees en Jesus sal dan openlik kom. Hierdie is die geheime wegraping leerstelling.

7

Lukas is net so spesifiek. "Net so sal dit wees in die dag wanneer die Seun van die mens geopenbaar word... In daardie nag sal daar twee op een bed wees; die een sal aangeneem en die ander verlaat word. Twee vroue sal saam maal; die een sal aangeneem en die ander verlaat word. Twee sal op die land wees; die een sal aangeneem en die ander verlaat word." (Lukas 17:30, 34-36) Die woord "geopenbaar" wat hier gebruik word is in die Grieks "apokaluptō" wat letterlik beteken "om die bedekking te verwyder." Daar kan niks geheimsinnig wees aan iets wat geopenbaar is nie. Die ander hoof teks wat gebruik word deur die wegraping mense is **Hebreërs 9:28**. "so sal Christus ook, nadat Hy een maal goffer is om die sondes van baie weg te neem,

4

om hulle keuses te verander, wanneer die Bybel leer dat daar geen tweede kans sal wees nie. Ongetwyfeld sal die meerderheid uitstel om na Jesus te kom en eerder wag vir hulle "tweede kans" in die toekoms en as gevolg daarvan verewig verlore gaan. In die boek van Lukas, vind ons dat dit presies is wat Christus sy dissipels teen gewaarsku het. "En soos dit gebeur het in die dae van Noag, so sal dit ook wees in die dae van die Seun van die mens: Hulle het geëet en gedrink, hulle het getrou en is in die huwelik gegee tot op die dag dat Noag in die ark ingegaan het, en die sondvloed gekom en almal vernietig het. Net soos dit ook gebeur het in die dae van Lot: hulle het geëet en gedrink, gekoop en verkoop, hulle het geplant en gebou.

13

Sommige evangeliste leer selfs dat daar 'n sewe fase wegraping is, met elke wegraping geskei van die volgende met 'n tydperk van 'n jaar sodat meer Christene tot bekering kan kom en "reg vir wegraping te wees."

Ten spyte van die opregtheid, welsprekendheid, kaarte en pamflette van die meeste van hierdie evangeliste - het jy geweet die woord "wegrapping" word nie eers in die Bybel genoem nie? Nie een keer nie!

Daar is egter twee hoof tekste wat deur die wegraping mense in hulle argumente gebruik word. Een is **Matthéüs 24:40, 41**. "Dan sal daar twee op die land wees; die een word aangeneem en die ander word verlaat. Twee vroue sal by die meul maal; die een word aangeneem en die ander word verlaat."

2

en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees." (**Openbaring 22:11, 12**) Wanneer Jesus in heerlijkheid kom, dan sal die bese sê "vir die berge en die rotse... Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam;" (**Openbaring 6:16**) Dit sal nie moontlik wees vir die bese om in die teenwoordigheid van 'n heilige God te staan nie. Inteendeel, hulle sal vernietig word "deur die verskyning van sy wederkoms" (**2 Thessalonicense 2:8**) Diegene wat vandag soek vir Bybelse waarheid soek nie vir 'n geheime wegraping nie, maar eerder vir 'n wêreldwye sigbare gebeurtenis. Hulle soek na "die salige hoop en die verskyning van die heerlijkheid... van die grote God en ons Verlosser, Jesus Christus" (**Titus 2:13**)

15

Selfs hierdie basiese uitgangspunt van die geheime wegraping is egter verkeerd. God het nie verskillende dispensasies tot die mate dat Hy 'n ander plan van verlossing vir verskillende mense het nie. Hy is "gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid." (**Hebreërs 13:8**) Hy sê "Want Ek, die HERE, het nie verander nie;..." (**Maleági 3:6**) Abraham was gered deur geloof net soos ons. (**Romeine 4:3, 16; Hebreërs 11:8, 17**) Dit is hoekom die evangelie die "ewige evangelie" genoem word (**Openbaring 14:6**). Abraham moes geglo het dat die Seun van God sal kom en Sy lewe as 'n offering vir ons sondes sal gee: Ons moet glo dat Hy dit reeds gedoen het - Dit is die enigste verskil, maar tog is dit dieselfde evangelie. "Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word." **Handelinge 16:31**

8

Die Jode met hulle offerings van lammers het vorentoe gekyk in tipe na die antitipe, "die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!" (**Johannes 1:29**) Net so, het Johannes geskryf dat hy die heiliges gesien "oorwin deur die bloed van die Lam" (**Openbaring 12:11**) Inderdaad, dit is dié evangelie wat gevind kan word in **Johannes 3:16**. "Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê." **Galasiërs 3:26-29** verduidelik, "Want julle is almal kinders van God deur die geloof in Christus Jesus;... Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie,... want julle is almal een in Christus Jesus. En as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename."

9

Hierdie verse sê, "Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees." **1 Thessalonicense 4:16, 17**.

Die opstanding van die regverdiges en die weg neem van die lewende regverdiges is 'n wonderlike gedagte en die vers maak dit duidelik dat dit nie in geheim of saggies sal gebeur nie.

Diegene wat glo in die geheime wegraping beweer dat dit 'n stil geroep is, 'n gefluisterde stem en 'n gedempte basuin.

6

Daar is 'n verwante teks in **1 Thessalonicense 5:1-4**. Dit volg Paulus se beskrywing van Christus se koms in die wolke. Hier sê Paulus, "Maar oor die tye en geleenthede, broeders, het julle nie nodig dat aan julle geskryf word nie; want julle weet self baie goed dat die dag van die Here kom net soos 'n dief in die nag. Want wanneer hulle sê: Vrede en veiligheid—dan oorval 'n skielike verderf hulle... en hulle sal sekerlik nie ontvlug nie. Maar julle, broeders, is nie in duisternis, dat die dag julle soos 'n dief sou oorval nie."

Twee dinge word onmiddellik duidelik: #1 Paulus bespreek hier die tyd in plaas van die wyse van Jesus se koms. En #2, dit is nie die regverdiges wat verras is nie maar die bese.

11